BYLAAG

Noordelike Sinode: Taakspan Rentmeesterskap

Verslag aan SDR 2018-10-26

1 **Inleidend**

Op versoek van die Dagbestuur van die SDR is die onderstaande Taakgroep saamgestel. Die opdrag is:
"*Om gemeentes te begelei tot 'n beter verstaan van rentmeesterskap.*"

Heinrich Regenass (lidmaat Stellastraat)
Edward Leach (lidmaat Stellastraat)
Andries Smal (lidmaat Louis Trichardt)
Ds Lizette van Rooyen (NG Gemeente Magalieskruin)
Ds Wynand van Niekerk (NG Gemeente Monumentpark)
Ds Paul Grobler (direkteur, Noordelike Sinode) (het ampshalwe bygewoon)
Malan Nel (sameroeper)

2 **Vergaderings**

Vergadering 1: Maandagaand 13 November, 2017, NG Gemeente Stellastraat
Vergadering 2: Maandagaand 12 Februarie, 2018, B27 Kingswood Village Newlands.

3 **Werkswyse**

By die eerste vergadering is ooreengekom dat ons die take/bewegings van Osmer (2008) gaan volg:

- Wat gaan hier aan?;
- Waarom gaan dit hier aan?;
- Wat behoort hier aan te gaan?;
- Wat gaan ons hieraan doen?

4 **Wat gaan hier aan**?

4.1 Navraag is by die Sinodale kantoor gedoen oor die inkomste van gemeentes en Ringe. Hierna is die bydrae per lidmaat in elke geval, per Ring bereken. Om 'n syfer vir die bydrae per erediensganger te bereken is gewerk op 'n gemiddelde bywoning van 35% van die lidmate. Binne die NG Kerk as geheel word 40% van die lidmate tal wat gemiddeld eredienste bywoon tans as goed gereken.

Hierdie syfer vir die hele Sinode is:

	2013	2014	2015	2016	2017	2017/p m
Gemiddelde dankoffer:						
per lidmaat per jaar	1 692	1 820	1 938	2 034	2 107	176
per erediensganger pj	4 835	5 201	5 536	5 812	6 021	502

Die hoogste en laagste in die Sinode is:

	2013	2014	2015	2016	2017	2017/p m
Gemiddelde dankoffer:						
per lidmaat per jaar:Laagste	780	829	966	963	1039	87
per erediensganger pj: Laagste	2229	2367	2761	2750	2969	247
Gemiddelde dankoffer:						
per lidmaat per jaar:Hoogste	2832	2865	3004	3085	3531	294
per erediensganger pj: Hoogste	8093	8185	8582	8815	10089	841

4.2 Die taakspan het ook kennis geneem van ‘n ondersoek na ‘patrone van bydraes’ wat onlangs in die NG Gemeente Monumentpark gedoen is. Die gemeente het gevind dat daar ‘n verskil in bydrae patrone van die verskillende ouderdoms groepe is. Nuwe lidmate, wat meestal jong gesinne is, is minder geneig om by te dra. Ouer lidmate is baie meer getrou en ‘n groter persentasie van die ouer lidmate dra by. Dit is egter nie waar dat die jonger lidmate nie bydra nie. ‘n kleiner persentasie van jonger lidmate dra by en hulle dra minder gereeld by, maar wanneer hulle bydrae, lewer hulle baie groter bedrae per individu. Hierdie jonger lidmate meen hulle wil geld gee vir iets wat n verskil maak. Hulle wil net gee omdat dit die ding is om te doen nie. Baie van hierdie jonger lidmate dra finansieel by tot baie ander organisasies en selfs gemeentes.

5 **Waarom gaan dit hier aan**?

By die eerste vergadering is lank en goed hieroor nagedink. Van die sake wat genoem was, is onderstaande – in geen volgorde van enige prioriteite nie. Ons nommer dit slegs om makliker daarna te verwys. Die volgorde sal waarskynlik van konteks tot konteks verskil:

5.1 Ekonomiese klimaat van land;

5.2 Persepsies rakende die geloofwaardigheid van gemeentelike en kerklike sisteme. In ‘n onlangse navraag in ‘n gemeente som die leraar op waarom sommige nie bydra nie: “**Die tweede groep** het vertroue in die kerk verloor. In ons geval die NG Kerk.”;

5.3 Ontwikkeling (soms ook herontwikkeling) van geloofwaardigheid. Dit is asof sommige ‘wagtende houding’ inneem;

5.4 Geloofwaardigheid van hoe lidmate dink hulle offergawes aangewend word.

5.5 Persepsies rakende die geloofwaardigheid en noodsaaklikheid van kapitaalprojekte;

5.6 ‘n Nuwe verstaan van “vrywillig en binne vermoë” – soms sonder enige motivering deur en vanuit ‘n liefde vir die Here en sy liggaam waarvan ek deel is. Dit mag ook te doen hê met die proses van ‘demokratisering’ van die verstaan van ‘kerk’;

5.7 ‘n Onderontwikkelde verstaan van die “vreugde van weggee”;

5.8 Anderse denke van ‘millennials’ en ons onvermoë om hulle manier van dink en gee te onderskep;

5.9 Gebrekkige vermoë van leiers om gemaklik en as deel van die normale bediening aan lidmate hieroor te praat;

5.10 Met struktuur veranderinge in gemeentes (soos byvoorbeeld geen wykstelsels en diakens meer nie) het ons nie aangepas om hieroor te kommunikeer en nuwe ‘stelsels’ effektief in plek te stel nie;

5.11 ‘n Gebrek aan ‘n kultuur van rentmeesterskap by lidmate wat oor jare heen verarm het en miskien nie ooit regtig teologies gemotiveer en ontwikkel is nie;

5.12 Die dalende aantal lidmate;

5.13 Die gemeentes voel die druk gouer omdat lidmate afneem;

5.14 Die gemeente kompeteer met talle liefdadigheidsorganisasie wat met goeie bemarkingsprojekte op die goedgesindheid van dieselfde mense (die lidmate van gemeentes) appelleer;

5.15 Die beleidsveranderinge in die land wat ook die welsyn toneel radikaal verander het – terwyl die bronne dieselfde bly;

5.16 Die onkunde by lidmate om, wat hulle dankoffers betref, vir inflasie aanpassings te maak – veral ten opsigte van erediens offergawes;

5.17 Ander 'gee' patrone soos byvoorbeeld die soms opvallende afname in debiet orders en toename van internet oorbetalings – wat tekenend mag wees van die moderne mens wat beheer oor 'my eie finansies' wil hê.

6 Wat behoort hier aan te gaan

6.1 Rentmeesterskap is 'n konsep wat probeer saamvat wat die mens, as skepsel van God se verantwoordelikheid op en teenoor die aarde is (vgl. Gen. 1:28vv). Die mens wat in verhouding met sy Skepper dink en leef, weet dat die 'versorging' van die aarde/die wêreld sy/haar verantwoordelikheid is. Ons rentmeesterskap is dus omvattend. Ons is nie eienaars van hierdie werklikheid, die aarde en alles wat daarop woon nie, ons is bestuurders van die huishouding van God. So stel Paulus dit as hy na sy eie bediening verwys: "So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is" (1Kor.4:1).
Dit is nodig om kortliks na hierdie teks te kyk. Later in die briewe aan die gemeente in Korinte volg nog twee hoofstukke (2 Kor. 8-9) oor wat ons hieronder finansiële rentmeesterskap noem. Paulus is inderdaad besig om lig te werp op hoe hy oor homself en ander se bediening dink – en hoe hy graag sou wou dat ander oor sy en ander se bediening dink. Beide begrippe (dienaars en bestuurders soos in die NAV vertaal) het te doen met diens en nie met 'bestuur' in die ekonomies-wetenskaplike sin nie:

- "So moet julle ons dan sien: ons is dienaars (*hupeiretas*): vrygemaakte slawe vir 'n spesifieke funksie: EN
- "So moet julle ons dan sien: ons is 'stewards' (*oikonomous*): "a person who looks after the passengers on a ship, aircraft, or train and brings them meals";
- "So moet julle ons dan sien: ons is rentmeesters (*oikonomous*): vertrou met die skatte van die evangelie."

6.2 Rentmeesterskap plaas die gemeente binne die verband van die Koninkryk en soos Lukas dit dikwels noem 'die evangelie van die Koninkryk'. Die

Koninkryk is juis goeie nuus omdat mense heel word waar die Koninkryk deurbreek; hoor die armes die goeie nuus (vgl. Luk. 7:18vv); word die reg (ering) van God sigbaar.
As dissipels van Christus soek ons, nuwe mense, die gemeente, die Koninkryk en sy geregtigheid (Matt 6:33). As mense wat ons ware menswees in Christus teruggevind het, neem ons verantwoordelikheid vir die aarde en die gesondheid van mense wat weet en bely aan Wie die aarde behoort. Ons wil graag meewerk daaraan dat die aarde hanteer, benut en bewerk word soos dit sy Koning behaag – en tot voordeel van almal vir wie hy die aarde geskep het (vgl. weer die skeppingsverhaal).
Samevattend sou ons kon sê: ***Rentmeesterskap behels die betroubare bestuur van die totale skeppings orde en die lewe in dankbare erkenning dat God die Bron van alle dinge is, wat ons deur Christus verlos het, en hierdie verantwoordelikheid aan ons toevertrou het***. (R S Armstrong in ‘n kursus aanbieding: Getroue Getuies)

6.3 Gemeentes wat hierdie verantwoordelike manier van mens wees, as deel van ons verstaan van verlossing, ernstig neem, kom dan byna vanself uit by wat ons hier noem ***finansiële rentmeesterskap***: hoe ons ook met ons geld, as deel van hierdie groter verantwoordelikheid, omgaan. Veral, hoe ons ook deur geld en ander dankoffers heen, van ons dankbaarheid vir ons verlossing (en God se vertroue in ons) rekenskap gee.
Hierdie verantwoordelikheid het met minstens 4 sake te doen:

- **hoe ons die geld wat ons maak, verkry**
- **wat ons gee van wat ons besit**
- **wat ons doen met wat ons hou**
- **wat ons beplan vir wat ons nalaat.**
  (R S Armstrong in ‘n kursus aanbieding: Getroue Getuies)

6.3.1 ***Hoe ons die geld wat ons maak, verkry***
Verantwoordelike menswees sluit bogenoemde in. Die een of eerste dimensie is dat ons ons werk verrig, “asof vir die Here” (vg. Kol 3:23). Die tweede dimensie is dat ons ons inkomste uit hierdie werk op ‘n eerlike manier verdien. Binne die Gereformeerde tradisie sluit dit ook aan by, wat meermale, ‘n Calvinistiese arbeid etiek genoem word. Lg. het veral te doen met die eerlike en hardwerkende wyse waarop Christene, dissipels van Christus aan arbeid deelneem. Skrifgedeeltes wat in die oog spring is Kol 3:17 en 23:
“Wat julle ook al sê en doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus Christus en dank God die Vader deur Hom… Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.”

Dit is ‘n nuwe kyk op arbeid as deel aan die verlossing is Christus. Arbeid is geen straf op sonde meer nie. Binne die bedeling van genade haal arbeid met dankbaarheid asem.
Dankbaarheid vir verlossing, laat ons as nuwe mense ‘anders werk’ (sien vorige paragraaf) en ook deur ons werk heen daagliks dankie sê. Waar hierdie kultuur onder Christus se volgelinge ontbreek, wys daar tien vingers van beskuldiging na leiers wat hierdie perspektief op verlossing en dankbaarheid sien verval, sonder om betyds in te gryp. Enige samelewing wat homself hiersonder Christelik noem, is naby aan vals. Binne die Geref. tradisie is dit eintlik nie denkbaar nie. Dit is ons insiens ‘n ‘kerkdimensie’ van missionale kerkwees dat gereformeerde gemeentes samelewings en samelewingsverbande tot verantwoordelike en verantwoordbare arbeidspraktyke begelei. Dit is deel van die evangelie van die Koninkryk en dit maak vry: vry tot diens.

6.3.2 *Wat ons gee van wat ons besit*

Binne hierdie gemeente kultuur vra lidmate/dissipels/gelowiges: wat en hoe gee ek van wat ek besit en aan wie? Dit is hier waar baie van ons Koninkryksvennote die tiende tekste intrek. Die gesprek is moeilik en elke plaaslike gemeente moet haarself teologies ten opsigte hiervan vergewis en verantwoord. In die intense navorsing wat Francois Cillié hieroor gedoen het (besoek vir al die studiestukke gerus: www.bybelsevrygewigheid.co.za) word ook ‘n persentasie genoem. Vir baie lidmate is sodanige riglyne van groot hulp in hulle persoonlike oorweging en besluitneming.
In hierdie ‘wat behoort hier te gebeur’ paragraaf, is die volgende van belang:

- ✓ Die dryfveer van dankbaarheid vir twee kernsake: verlossing en nuwe lewe en *tweedens* die vertroue van God om ons met sy aarde te vertrou, het eintlik nie grense nie;
- ✓ Die Here het ‘n blymoedige gewer lief (2 Kor. 9:7);
- ✓ “Dit saliger om te gee as om te ontvang” (Hand. 20:35);
- ✓ Die verantwoordelikheid om te help waar jy nie self kan bykom nie (vgl. 2 Kor. 8,9);
- ✓ “Hy wat ryk was het arm geword, sodat ons wat arm was ryk kan wees” (2 Kor. 8:9);
- ✓ Ons is deel van ‘n plaaslike en streeks geloofsgemeenskap wat tot missionale gemeente en kerk wees verbind is en ons onderskryf hierdie bedienings begrotings;
- ✓ Ons onderskei ook waar elders ons geroep is om uit dankbaarheid tot die wel wees van ‘n gemeenskap en land by te dra;

- ✓ Ons maak seker dat ons gee waar ons weet ons offergawes werk in belang van die Koninkryk van God en sy geregtigheid in hierdie wêreld;
- ✓ Ons gee waar ons die sisteem wat die offergawes van gelowiges administreer vertrou, waar ons vertroue het dat die offergawes vir die doel waarvoor dit gegee en geoormerk is, aangewend word.

6.3.3 ***Wat ons doen met wat ons hou***

Verantwoordelike genieting van wat God skenk, hoort tot ons rentmeesterskap.

Die uitgangspunt in die Skrif is dat ons ons lewe Coram Deo (voor God) leef. In hierdie seisoen van genade beteken dit dat die goeie God wat my liefhet, by my is terwyl ek die lewe, wat Hy geskenk het, leef. Wanneer Paulus dus skryf ‘of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen dit tot verheerliking van God (1 Kor. 10:31) bedoel hy geen inkorting op die genot van die lewe nie, maar bevestiging dat ons liggame tempels van God is en dat God se bekend wording as die unieke God wat Hy is ook aan ons ‘eet en drink’ gekoppel is. Dit is jammer dat wettiese denke byna daarin geslaag het om God as die pretbederwer in die lewe te sien.

Die vraag is dan hoe die ekonomie van Christene/dissipels, wat die Koninkryk soek, dan daar sou uitsien? Is daar byv. vorme van die kapitalisme waarvoor Christene ‘nee’ sou moet sê? Wanneer het mense genoeg grond, geld, huise, ens., ens.?

Kan die teks ons miskien help: “En enigiets wat ‘n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde” (bedoelende laat jou jou doel mis en oortree) (Rom 14:23). ‘n Werksformule vir geloof is minstens die volgende: om met God se hulp (geloof as gawe van God) met God rekening te hou – in hierdie geval ook met God in my rekening van uitgawes en inkomstes rekening te hou.

En weer eens, ons groter opdrag om vir die aarde te sorg, te help heelmaak in watter vorm ook al. Juis in hierdie faset van ons finansiële rentmeesterskap is ons verstaan van die groter prentjie so krities: hoe help ons dat die regering van ons land op die beste wyse werk; hoe neem ons aan ekologiese projekte deel; hoe ondersteun ons navorsing oor malaria en ander Afrika siektes (of is dit die buiteland se verantwoordelikheid); watter aandeel neem ons aan die ontginning en opleiding van leiers – en so sou verantwoordelike rentmeesters kan voortgaan om te vra.

Geseënde mense vra beslis ander vrae oor ‘wat doen ek met dit wat ek hou’ as wat diegene, wat nie eens genoeg het om van te leef nie, vra

6.3.4 ***Wat ons beplan vir wat ons nalaat.***

Rentmeesterskap word nie met die dood beëindig nie. Die wêreld is vol van verhale van gelowiges en ongelowiges wat nagelaat het – op so ‘n wyse dat wat hulle gee van wat hulle het en wat hulle doen met wat hulle hou, lank na hulle dood die Koninkryk en sy geregtigheid soek. Rentmeesters sorg nie net vir hulle kinders in nalatenskappe nie. Rentmeesters soek die belange van baie, insluitende die gesin en familie. Ons sou ook kon sê: dankbaarheid oorleef die dankbare.

6.4 **Blymoedige en Ruimhartige gewers**

Na baie jare van navorsing oor die ontwikkeling van gesonde missionale gemeentes onderskei Callahan (2010:226) ses, wat hy noem, “sources of generous giving”:

6.4.1 ***Spontane gawes***, twee tot drie keer per jaar vir “a worthwhile cause that directly helps people”. Binne sy onderkeiding tussen lidmate wat ‘maratonners” en ander wat ‘sprinters’ is, noem hy hierdie manier: “excellent sprinter way of giving”;

6.4.2 ***“Major Community Sundays***” soos Paasfees, Kersfees – geen ekstra ‘kollekte nie’, maar bywoning is goed, bydraes is goed. Ook hierdie manier is: “excellent sprinter way of giving”;

6.4.3 ***Spesiale geleenthede***, wat miskien jaarliks dieselfde is, twee tot vier sodanige geleenthede. Gewoonlik vir meer vaste uitgawes. Ook hierdie manier is: “excellent sprinter way of giving”;

6.4.4 ***Groot projekte.*** Gesonde gemeentes het gewoonlik so ‘n projek, elke drie tot vier jaar. Dit mag bouprojekte, missionale projekte wees. Ook hierdie manier is: “excellent sprinter way of giving”;

6.4.5 ***Jaarlikse gawes (:Annual giving”):*** Gesonde gemeentes deel in die onderskryf van die jaarlikse bedieningsbegroting. Dit word soms ‘beloftes’ (‘pledging’) genoem. Soms ‘geloof offers’, tiendes of kombinasie van maniere genoem. Soms ook maandelikse bydraes. Dit noem Callahan: “This is a solid marathon runner way of giving”.

6.4.6 “***Enduring Gifts”:*** Die gee van iets wat ‘bly’: sommige noem dit nalatenskappe (“endowments”). Ek haal aan: “Identify five to eight major enduring gift projects that have balance, integrity, and broad-based appeal. Set a goal for each and a date to achieve the distinctive goals. This is an excellent sprinter way of giving” (Callahan 2010:227).

7 Wat sou gemeentes hieraan kan doen?

Die taakgroep suggereer graag onderstaande as ‘n proses om ‘n nuwe kultuur van rentmeesterskap te ontwikkel of verder te ontwikkel. Ons aanvaar op grond van goeie navorsing[1], dat hierdie **diep verandering** op die vlak van wat Osmer “Transformational Leadership” noem, mag lê: “Leading an organization through a process of “deep change” in its identity, mission, culture, and operational procedures” (Osmer 2008:178).
Osmer beskryf hierdie hele pragmatiese taak van ons bediening onder die opskrif van “Servant Leadership”. Met hierdie uitganspunt en **binne die gesindheid van die dienende gestalte van leierskap** suggereer ons graag:

7.1 Openhartige gesprek met gemeente leiers oor die wese van rentmeesterskap as opdrag van menswees en die verband hiervan met wat hierbo finansiële rentmeesterskap genoem is. Die taakgroep is oortuig dat hierdie breër verstaan, binne Koninkryk perspektiewe, krities is vir die ontwikkeling van ‘n nuwe kultuur rakende finansiële rentmeesterskap.
Behalwe vir die verdere suggesties hieronder verwys die taakgroep graag na die omvattende navorsing van Francois Cillié[2] vir motivering en riglyne vir hierdie gesprek;

7.2 Die deurvoer van hierdie gesprek na en met lidmate, waarskynlik ook deur die prediking, maar ook in ander oop gesprekke soos wat die gemeente se ‘kultuur’ en program dit moontlik maak. Hierdie prediking en ander oop gesprekke behoort te help om met groter gemak oor rentmeesterskap en finansiële rentmeesterskap te praat omdat dit deel van menswees is - en juis menswees vol maak met die vreugdes van verantwoordelikheid te aanvaar vir die skepping waarvan ons deel is. ***Dit is eintlik om die vertroue van God in wat Hy geskep het, te vier.*** Dit is om ons menslike verantwoordelikhede as Christene en lidmate van geloofsgemeenskap sag, maar doelbewus teologies te motiveer. Hierdie ‘sagte’ teologiese motivering lê ook op die vlak van deel te neem aan ons roeping (ook om te gee) nie net omdat daar nood is nie, maar ook en veral omdat ons dankbaar is – vir verlossing en heelwording in ons eie menswees, maar ook vir die vertroue van God in ons, om die hele skeppingsorde aan ons toe te vertrou;

7.3 Die voortgaande ontwikkeling van ‘n deursigtige sisteem rakende die begroting en hoe die gemeente as gestuurde, met al sy bedieninge, deelneem

---

[1] Osmer, R.R., 2008. *Practical Theology. An Introduction.* p. 178; Quinn, R. 1996. *Deep Change. Discovering the Leader Within.* P. 201.
[2] www.bybelsevrygewigheid.co.za

aan die koms van die Koninkryk van God in hierdie wêreld. Ons is oortuig dat ‘n gemotiveerde en goed gekommunikeerde missionale bestaansdoel en begroting gelowiges motiveer tot deelname aan “iets” groter as “ekself”. Die taakgroep is oortuig dat terugvoer oor die aanwending van die dankoffers krities belangrik is en jaarliks behoort e gebeur;

7.4 Die voortgaande ontwikkeling van ‘n beter en voller verstaan van die noodsaak en waarde van die kerkverband – ook in belang daarvan om in hierdie wêreld (in ons geval die wêreld van die Noordelike Sinode) deel te neem aan iets groter as ‘ons’ van die gemeente. Hierdie belang word ons insiens nie eerstens met ‘wat nodig is’ gemotiveer nie, maar deur gedeelde rentmeesterskap waar ‘ons’ nie kan versorg en aan die heel word van die wêreld deelneem nie. Dit sluit beslis ook in die deelneem van hulpverlening aan ‘n plaaslike gestalte van die Koninkryk (‘n gemeente) wat in haar konteks nie meer ‘missionale bediening’ kan onderhou nie. Gedeelde verstaan van rentmeesterskap (ook finansiële rentmeesterskap) sluit dit in;

7.5 ‘n Ander manier van omgaan met die bedieningsbegroting. Die taakgroep het kennis geneem dat baie missionale gemeentes langs die weg van goeie leierskap (kerkraad in ons geval) en optimale insette van die bedieninsgleiers en groepe in die gemeente, in biddende afhanklikhed begroot vir wat hulle almal oortuig is God se bedieningsplan vir jaar X is. Hierdie begroting word dan (in sy detail van waarheen die offergawes gaan) aan elke lidmaat gegee met die versoek dat hulle biddend uitmaak watter deel en hoe en met watter bedrag (insluitend jaar beplanning) hulle hierdie bedienings begroting onderskryf. Talle gemeentes wat deur die taakgroep se sameroeper oor 30 + jare gemonitor word, doen dit op hierdie wyse. Op ‘n bepaalde datum nadat die begroting gedoen en persoonlik aan elke lidmaat deurgegee is, word daar openhartig daaroor gehandel, gewoonlik na ‘n preek of by afsonderlike gemeentevergadering op ‘n bepaalde Sondag.
Hierdie wyse van doen behoort onder andere te help met die behoefte by lidmate om ‘n baie spesifieke bediening wat volgens haar/sy oortuiging direkte hulp verleen, te onderskryf.

7.6 Die verskillende wyses van insameling soos deur Callahan beskryf (sien 6.4 hierbo), pas goed by die voorafgaande in en word verder verryk deur die ander opsies wat hy in gemeentes gevind het. Hierdie byvoegings word deel van die bedienings begroting. Dit help ook met die tydsberekening en bemarking van projekte, asook die prioritisering van projekte (sou dit nodig wees),

8 **Samevattend**

Die taakgroep beklemtoon graag twee sake wat diep in ons oortuigings lê:

8.1 Die mens, ook in hierdie geval die lidmaat-mens, se verhouding met God in Christus is krities vir die verstaan en onderskeiding van die lidmaat-mens se roeping in hierdie wêreld. Binne die Ned. Geref. Kerk is daar waarskynlik ‘n soms ernstige onderontwikkelde bewussyn dat die gemeenskap van die gelowiges, die gemeente, wesenlik deel is van ons ontwikkeling tot selfstandig geestelik funksionerende mense. Ons herontdekking van alles wat hierbo genoem is, mag baie te doen hê met die ontwikkeling van ‘n korporatiewe (gemeentelike) identiteit as deel van ‘n nog groter korpus van gelowiges. Dit gaan wel direk teen ‘n groeiende gees van individualisme in, maar is deel van die belydenis grondslag van gereformeerde Christen-wees;

8.2 Die ontwikkeling van rentmeesterskap, en veral in hierdie geval finansiële rentmeesterskap, het alles te doen met wat soms genoem word: “raising the bar on membership”. Hiermee saam gaan ‘n diep verbintenis aan Christus as gemeente-Hoof en aan mekaar as lede van dieselfde liggaam, die gemeenskap van die gelowiges aan wie die soek van die Koninkryk en die doen van die wil van God toevertrou is.

Malan Nel
2018 06 02